88080001

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

**AFRIKAANS A1 – HIGHER LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU SUPÉRIEUR – ÉPREUVE 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEL SUPERIOR – PRUEBA 1**

Tuesday 18 November 2008 (afternoon)
Mardi 18 novembre 2008 (après-midi)
Martes 18 de noviembre de 2008 (tarde)

2 hours / 2 heures / 2 horas

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Write a commentary on one passage only.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Rédigez un commentaire sur un seul des passages.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Escriba un comentario sobre un solo fragmento.


© International Baccalaureate Organization 2008

*Skryf kommentaar op* ***een*** *van die volgende.*

**1.** (a)

*Hierdie kortverhaal het iets van die sprokie as ondergrond. As jy die verhaal van die Rottevanger van Hameln ken, sal jy opmerk dat daar ooreenkomste, maar ook verskille tussen Die Radiospeler van Kaapstad en Die Rottevanger van Hameln voorkom.*
*Die verhaal vang aan waar die man wakker word en voel dat dié dag uitsonderlik gaan wees. Daar is allerhande voorbodes: Hy betrap homself dat hy veel langer as gewoonlik na die eerste goue strale op die bergpieke staar. Die koerant is nie afgelewer nie en hy vergeet om na die nuus te luister.*

Die derde voorbode: terwyl hy sy badwater intap en skeerskuim op sy gesig smeer, het hy vir homself in die spieël geglimlag. Was hy wragtag besig om te fluit? Sy kop het wyd gevoel, asof hy na homself kyk vanaf ’n hoogte, nie vas in die watterige bedompigheid voor sy oë waaraan hy al so gewoond geraak het nie. Dit was al laat toe hy sy aktetas optel, die laaste paar akkoorde van Mozart kans gee om uit te spoel by sy kamervenster voordat hy die speler afskakel. Hy’s klaar laat vir werk. Hy sal moet skuiwe.

By sy kar het hy onthou. Sy sekretaresse verjaar vandag. Hy was van plan om sommer blomme te laat kom, maar wat, hy’s klaar laat. Met die vlugvoetigheid van ’n hoërskoolhekkiesatleet is hy oor sy buurman se tuinmuurtjie. Vinnig-vinnig het hy drie van sy grootste affodille sommer met die tandkant van sy motorsleutel afgesny. Vierde voorbode. Hy giggel.

Daar was ’n tou motors agter horn by die stopstraat. Hulle moes wag dat die ander stoet steunende vragmotors en brullende taxi’s in die dwarsstraat verbykom. Die uitlaatgasse het blou gehang bo die teer, maar hy het nogtans sy venster oopgemaak en sy arm luiweg laat rus op die deur. Die bestuurder agter hom het ongeduldig getoet, sy arms geswaai. Stadtaal vir roer jou gat, man, daar was ’n gaping so groot soos ’n meenthuis in die pad. ’n 50 cc het by hom verbygezoem, tussen twee motors met bestuurders wat op hul toeters leun, deurgewurm, in ’n oogwenk weggebrom aan die oorkant van die pad. Laat hulle wag, hy gaan eers die radio aanskakel, het hy besluit. Aan die knop gedraai totdat hy die klassieke stasie kry. ’n Fluitkonsert van Mozart het by die venster begin uitwaai en is deur die oggendbriesie en uitlaatgasse agtertoe gewaai, verby die neuse van die toetendes agter hom. Die bestuurder agter hom het sy neus begin wikkel, hy kon dit ruik. Verby die taxibus aan die oorkant van die pad, luierend aan die wag om passasiers op te laai met winkelsakke vol klere of ou koerante, ou truie oor die skouers gehang. ’n Man met ’n kopdoek het by die taxi se venster uitgehang. Sy skrefiesoë het vir ’n oomblik of twee aan syne gehaak voor hy keelskoongemaak en die geel slym stadig by sy mond laat uitryg het grond toe.

Die man het die petrol getrap. Nog twee blokke, en hy was by die werk. Hy het solank begin dink aan ’n verskoning hoekom hy laat was. In die verbygaan bemerk hy op ’n telefoondraad ’n duifnessie. Hoe lank is dit al daar? ’n Gordyn het ’n entjie oopgeskuif in sy kop. Donner, hy het so baie al verloor.

By die laaste straathoek voor sy kantoor het dit gebeur. Hy kon sy oop parkeerplek al ’n honderd meter voor hom sien. Die laatstes van sy kollegas op ’n drafstap ingang toe. Gewoonlik is sy aksies van hier af outomaties. Parkeer, sluit toe, haal sy instapkaart uit, druk die knoppie van die hyser. Maar die soet reuk in sy kar was oorweldigend, het hom aangejaag. Wild ruk hy toe aan die stuurwiel, effens aggressief, effens uitdagend, effens roekeloos. Sy motor het omgeswaai, die bande fluitend op die teer. Hy het die musiek harder gedraai, dit diep ingeteug, in sy ore in, in sy longe in, en die snelweg uit die stad gevat.

Twee kilometer uit die stad kyk hy in sy truspieëltjie as ’n laaste toegif aan lafhartigheid. Agter hom, in die stadskom, kon hy die hordes geboue bymekaargedruk sien. Hoe hulle teen mekaar stoei vir spasie. Nog ’n entjie agtertoe, bo die menigte kantoorvensters, waar ontelbare mense sit en skryf, sit en geld tel, sit en dink aan middagete, sit en deurdruk vyfuur toe, die blou berg soos ’n klipperige heining wat die gekkespul saamhok. En hy het gedink: my stad. My krioelende, uitgelewerde, oopgevlekte, eensame stad.

Hy het weer in die spieëltjie gekyk. Op die teerpad agter hom was ’n swerm karre, buffer teen buffer op spoed, aan die aantou agter hom aan. Hy kon net die eerste paar bestuurders se gesigte uitmaak, maar hy’t geweet in die honderde ander karre sit mense net soos hy. Koerante opgevou op die agtersitplek, selfone nog grynsend op die heupe, dagboeke gewelddadig vol, maar magteloos weggepak in aktetasse. Hulle oë almal vasgespyker aan sy motor, wagtend op sy volgende beweging. Hy lei hulle uit, het hy geweet. Hulle wag al jare op iemand soos hy. Hulle volg hom en die musiek. Op die agtergrond die skoorstene van die stad, borrelend boos. Dan is vanoggend tog anders, het hy gedink.

Die musiek uit sy radio het steeds in walms by sy venster uit verdamp, meters bo die pad bly hang, dan opgestyg boontoe soos offerrook. Die motoriste het hom gehipnotiseerd bly volg uit die stad uit, vlugtend uit ’n stinkende skip. Almal se vensters oop, almal se neuse en ore gespits.

Kirby van der Merwe, *Vonkfiksie* (1999)

**1.** (b)

**’N LAND**

Wat is ’n land?  Ná soveel gesprekke
weet ons dit is meer as net politiek
of ’n eie gebied om in te woon,
en tog... ook dit: ’n begrensde ruimte,
veelal deur stryd bepaal, afgebaken
en van ’n vlag, volkslied en kaart voorsien.
Ja, en meer ook as ’n vierkantjie grond
waarin ’n ploegskaar kluite omdolwe
en bosluisvoëls wit agterna kom stap,
meer as grond waar mielies of koring staan
en onkruid verraderlik in woeker.
Ons dra vir mekaar die klein wonders aan
van landsreise, al moes droogte, sprinkaan,
brand en oproer ons dan glo afsydig
en vervreemd jeens hierdie land gemaak het.
Vuurvliegies wat flits oor die Letaba,
die winterse kleure van mopanies
in die noordooste, swaelstertskoelappers,
blou stervuur van ’n dissel wat jy pluk,
kremetarte, ’n bruinkopvisvanger
of duiker is daar om ons aan te bind.
Oor hierdie land sak die son ’n skouspel
en kantel die suidersterre daarbo.
Ons vra vir die voortbestaan van diere,
plante, voëls; behoud van hulle name
en vir die menslike van ons menswees.
In hierdie somberder eeu word die land
se omtrek aarselend in kaart gebring.

Johan Lodewijk Marais, *By die dinge* (1989)